

15 MEI

SKRIFGEDEELTE: NUMERI 30
FOKUSGEDEELTE: NUMERI 30:2

Geloftes en die genadeverbond

Daar word van elke mens, oud of jonk, verwag om hul verantwoordelikhede na te kom. Daarsonder sal ons samelewing verkrummel. As iemand pertinent belowe dat hy/sy iets sal doen, dan is die verwagting dat dit wel sal gebeur, soveel sterker. As iemand nog verder gaan en 'n gelofte maak waarby God se naam gebruik word, moet sy/haar woorde waar wees en is die persoon onder die verpligting om uitvoering aan die gelofte te gee. Dan mag daar geen foute of verskonings kom nie. Om te keer dat iemand moontlik onverantwoordelike of onvanpaste geloftes maak, is die reëls van Numeri 30 gebruik. Hierdie reëls moet ons laat raaksien dat ons wel geloftes mag maak, maar ons moet ook raaksien met watter erns ons hierdie geloftes maak. Die Christelike godsdiens is nie bedoel om gelofteverpligtinge op ons te plaas nie. Ons vryheid in Christus maak ons juis los van die soort bande. Ons moet eerder as gevolg van ons liefde vir God en ons naaste en uit vreugde en dankbaarheid alles wil doen wat ons kan, sonder om allerlei geloftes te maak. Matteus 5:37 leer ons dat ons liever nie geloftes moet maak (“n eed aflê”) nie. Ons “ja” moet “ja” bly en ons “nee”, “nee”. Pasop dat die duiwel jou nie verlei om meer te wil sê as net dit nie. Ons as gelowiges moet dus ten alle tye verantwoordelik optree en by elke geleentheid die waarheid praat en doen. Gaan vandag, en doen dit die hele dag.

Sing: Psalm 116:7, 8

Ds Paul Geertsema (Pretoria-Brooklyn)